BEELD, VRYDAG, 6 APRIL 1990

**Beeldende kuns**

# 'n Suid-Afrikaner oorsee vereer

DORIS BLOOM, 'n Suid-Afrikaner wat in Denemarke woon en skilder, het pas een van die hoogste Deense kulturele pryse vir kunstenaars ontvang. Dit – die gesogte Statens Kunstfond – sal haar in staat stel om vir drie jaar lank ononderbroke en onafhanklik aan haar kuns te wy.

Die drie kunstenaars wat vanjaar op die manier uitgesonder is, is Doris Bloom en Mikael Kvium, wat albei skilder en die beeldhouer Marten Straede. Gewoonlik gaan die pryse aan 'n skilder, 'n beeldhouer en 'n musikus, en by uitsondering aan 'n argitek.

Alhoewel Bloom se werk hoë aansien in die buiteland geniet, is daar tot nog toe nie 'n enkele stuk van haar in enige van die Suid-Afrikaanse kunsmuseums se versamelings opgeneem nie.

Toonaangewende kunskritici soos Achille Bonito Oliva wat bekendheid verwerf het vir sy opstelle oor die Italiaanse trans-avantgarde neem telkens haar werk op in tentoonstellings wat hy versorg; *New Drawings* (Joegoe-Slawië, 1986) en *Nuovi territori dell'arte* (Franca Villa en Rome, 1987).



DORIS BLOOM. . . in Denemarke bekroon.

In 1988 is sy deur die Joegoe-Slawiese regering genooi om in Istria ten toon te stel. Om 'n indruk te vorm van die aansien van hierdie staatsuitnodiging hoef 'n mens slegs te let op die kunstenaars wat voor en na haar uitgesonder is: Baselitz, Kiefer, Mapplethorpe en Penck.

Verlede jaar het Bloom twee opwindende opdragte in Denemarke uitgevoer. Die Deense regering het haar opdrag gegee om 'n plakkaat van 5 meter x 5 meter vir 30 verskillende munisipa teite te ontwerp. Di plakkaat is naby mu seums of in stadsentra aangebring. Bloom se plakkaat was 'n sifdruk.

Die Deense Radio het aan vyf kunstenaars, waaronder sy en Mikael Kvium was, die geleentheid gegee om elk 'n klankprent (*Iydbill*) van nie langer as 6 minute te maak nie. Dié prente is vir 'n maand lank tussen programme aangebied. Die waardering daarvoor onder luisteraars was groot en die Deense Radio gaan dié skilderye nog vanjaar in Frankryk aan 'n wyer publiek bekendstel.

Binnekort verskyn daar ook nog – in 'n reeks oor Deense kunstenaars – 'n monografie van Jacob Wamberg oor haar kuns.

– Elza Miles

**Beeldende kuns**

# Kamees van gewone mense


**Samson Mudzunga**
**Zona**
**Elza Miles**

DAAR is 'n onmiddellikheid in die beeldhoukuns van Samson Mudzunga ~~wat jou dadelik tref~~.

Hoekom lyk dit of sy mense asemhaal? Dit kan tog sekerlik nie toegeskryf word aan die regte klere wat hy vir sy houtbeelde aantrek nie. As dit die geval was, sou alle winkelpoppe dieselfde lewendige indruk geskep het.

Mudzunga se beelde is nie poppe nie, hulle is kamees van gewone mense se daaglikse bestaan. Deur die fyn waarneming van sprekende gebare en meelewing vang hy soos Edgar Degas die kenmerkende houding vas. Dit benadruk hy in sy beelde.

Daarom oortuig Mudzunga jou dat slegs 'n klein mannetjie só sit en koerant lees op 'n stoel met 'n hoë ruglening (*Venda madala*). Die regte koerant in sy hande is 'n konsentrasiepunt waarna alle aandag gelei word. 'n Trek deur die kamer laat die papier bewe en daarmee word die lewendigheid nog verder gevoer.



DIE tuinier en sy kruiwa. . . onafskeidbaar, want sy taak is nimmereindigend.

Die trekarbeid-tuinier met sy kruiwa en ander tuingereedskap het dieselfde teenwoordigheid as bogenoemde oubaas. Hy dra ou klere wat tekenend is van sy stand. Die tuinier se houding som sy Sisyphus-arbeid op: dit is dié van 'n persoon wat pas begin of klaar het met 'n taak. Sy taak is egter nimmereindigend, daarom is hy en sy kruiwa onafskeidbaar. Trouens, sy hande is nou die holtes waarin die kruiwa se handvatsels pas.

In die enigste kop op hierdie tentoonstelling tref Mudzunga se kundige aanwending van houtvlekke. Die kop is uit kiaat gekerf en die ligte vlekke op die neus en voorkop verleen 'n soort interne lig aan die beskeie kop. Wat 'n mens verder boei is dat die swart snor en mondlyn nie in 'n voorspelbare "argaïse glimlag" verander nie.

Mudzunga gebruik geen handelskleure in sy beelde nie. Besonderhede soos hare, naels en liggaamsmerke word met purografie verkry. Dit verleen in teenstelling met die natuurlike hout en gewone klere 'n eiesoortige karakter aan sy werk.

☐ Tot 15 April.

1600

1700

## Weefspoeletjies van Ivoorkus

BY Susan Ollemans en Reinhold Cassirer se kunssaal in Mutualplein, Rosebank, is daar tot Donderdag, 12 April, is daar 'n verskeidenheid gekerfde hout weefspoeletjies van die Ivoorkus te sien. Alhoewel hierdie klein beeldjies onderdele van weefstoele is en gebruik word om die weefdraad in posisie te hou, word hulle as losstaande kunswerke versamel. Navrae: ☎ (011) 788-1307/9749. – E.M.

Kalender, bylae tot Beeld, Woensdag, 4 April 1990

Milys